Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

God skep ’n nuwe werklikheid

As ons dink aan wette dan is dit nie altyd iets wat ons opgewonde maak nie. Gebooie laat ons dink aan die boeie wat die Polisie gebruik om jou vas te sluit as jy drooggemaak het. Dit wat jou beperk, wat keer dat jy doen wat jy wil doen.

Maar as ons oor die tien gebooie praat gaan dit eerder soos die boeie wat ons in die see sien. As die waters rof is en die lig swak is, dan is dit die boeie wat vir jou veilig inlei na die hawe.

As ons besig is met Eksodus dan dink ons baie keer dat dit gaan oor die geskiedenis van die volk Israel. Dit is egter ‘n halwe waarheid. Eksodus gaan in sy diepste oor God wat Homself openbaar, ons leer wie hy is en ons leer sy hart ken.

Dit is nie die God wat ons wil beperk nie, dit is die God wat ons wil begelei sodat ons, alles kan word wat hy bedoel het vir ons om te word. Sodat ons onsself kan uitleef en sy vreugde ten volle kan ken.

Sondag 18 Augustus

God skep 'n nuwe werklikheid
Eksodus 19 - 20

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:30 Klassiek	Breda Ludik
10:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
10:00 Informeel	Paul Barnard
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Werner Schultz
10:00 HB Village	Breda Ludik
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Deurkollekte: Phuket Kinderprojek

Somer eredienstye

Ons somer eredienstye begin op Sondag 1 September:

Meditatiewe dienste om 8:00 en 9:30

Klassieke diens om 8:00

Informeel en jeugaksies om 9:30

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Paul van Staden - dementia
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging
Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker
Adri de Vries - kanker
Lizette van der Walt - kanker
Hanri Botha se ma - ernstig siek
Bekkie Nieuwoudt - kanker

Rou:
Ons dink aan Eric Louw en sy familie met sy vrou Bettie wat oorlede is.
Ons dink aan Christo Albertyn wie se broer oorlede is.

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

Sondag 25 Augustus

'n God na ons sin
Eksodus 32-33

08:00 Meditatief	Breda Luidk
08:30 Klassiek	Danie O'Kennedy
10:00 Meditatief	Breda Ludik
10:00 Informeel	Paul Barnard
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Schalk Treurnicht
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Paul Barnard

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - Y7DsLdxr

Dagboek:

Dinsdag 20 Augustus
06:00 Kom bid saam
19:00 Omgeeleiers en wyksverteenwoordigers

Woensdag 21 Augustus
10:00 KuierTalent in die Tent - lees meer op bl 4

Donderdag 22 Augustus
08:45 Bybelstudie - Kapel
17:30 DC, DC4K, S&P en GS

Vrydag 30 Augustus
Fondue-aand - lees meer op bl 4

Vrydag 6 September
06:30 50 jaar feesviering ontbyt

Vrydag 11 Oktober
Lentemakietie en gemeentebraai

Saterdag 12 Oktober
Lentemakietie

Sondag 13 Oktober
Jubeljaar nagmaal

Sondag 13 Oktober
Klassieke Klanke Konsert

50 jaar feesviering met ontbyt

Helderberg word in September 50 jaar oud. As 'n aanloop tot ons fees-vieringe hou ons Vrydag, **6 September**, van 06:30-07:30 'n ontbyt rondom die tema: Wat is die impak van Helderberg Gemeente en tot watter impak roep God ons. Die spreker is: Eugene Cloete, vise-rektor van die Universiteit van Stellenbosch en kerkraadslid. Belangstellendes kan hul name by die kerk-kantoor ingee.
Koste: 'n donasie

Baie welkom aan die volgende nuwe intrekkers:

Beth Baumgarten - Franschhoek
Philip en Natalie Ellis - Somerset-Wes
Albert en Serah Havenga met hul kinders Annerie en Nico - Doringkruin
Quinton en Corlee Herbst met hul kinders Manru en CL - Noordkus
Leo Krige - Stellenbosch
Anja Kemp - Kenridge
Corné van Heerden - Piet Potgietersrust
Arno van der Walt en sy kinders Celdri en Philip - Heuwelsig

Maak seker ons het jou lidmaatskap, kontak gerus vir Grazie by ontvangs@nghelder.co.za

Bring jou eie handwerk en kom kyk hoe kuier, knutsel en klets die KuierTalentgroep.
Woensdag **21 Augustus**, vanaf **10:00 – 12:00 in die Tent**.
Uitruiling van maklike en oulike wenke vind gedurende hierdie kuiers plaas.
Almal is baie welkom.
Navrae: Magdel Janse van Rensburg by 082 400 0903 of
Nellie de Klerk by 072 348 6226

Let's fondue

Wie onthou nog die heerlike kuiers om 'n fondue-pot met allerhande kosblokkies en doopsouse wat vir ure se lekker kuier gesorg het? As jy dit nie ken nie, is dit nou jou kans om dit te beleef.

Ons gaan op Vrydag 30 Augustus fondue hou vanaf 18:30 in die Tent.
Kaartjies @R80 te koop by Ontvangs – dit sluit alles in, bring net jou eie drinkgoed.

Moenie hierdie prettige aand met 'n nostalgiese kosreis misloop nie.

Navrae: Corneille Barnard by events@nghelder.co.za.

Strydom Bruwer word Sondag tydens die klassieke diens as leraar van Helderberg Gemeente bevestig met opdrag Bybel-Media. Alhoewel hy kerkordelik deel van Helderberg Gemeente is, is sy eintlike werkgewer Bybel-Media.

Levis word benodig

Dalk soek jy 'n plek om betrokke te raak en jou tyd vir die Here te gee. Daar is plek vir jou by enige van die eredienste met die volgende behoeftes:

- Verwelkoming by die kerkdeure
- Opneem van kollekte
- Bediening van nagmaal een keer 'n kwartaal

Word deel van die Aanbiddingspan en jy hoef net ongeveer een keer per maand aan diens te wees. Vir meer inligting kontak gerus vir Annette Botha by aanbidding@nghelder.co.za of 021-851 5582

JUBELJAAR Makietie

Ons word 50 en vier fees

As deel van Helderberg se Jubeljaar vieringe beplan ons ‘n vol program vir **Vrydag, 11 Oktober tot Sondag, 13 Oktober.**

- Vrydagaand: Ons beplan ‘n gemeentebraai met heerlike musiek en stalletjies vir die wat nie wil braai nie.
- Vrydag - Saterdag: Ons gaan alreeds met ons Lentemakietie die Vrydag-middag begin tot Saterdagmiddag. Enige iemand wat belangstel in ‘n stalletjie kan ‘n epos vir meer inligting stuur na events@nghelder.co.za. Dit kan omgeegroepe, Uitreik-projekte of buite-uitstallers wees vir kos, handwerk of produkte. Ons wil soveel moontlik stalletjies alreeds van Vrydagmiddag en -aand af hê.
- Sondag: Ons gaan dit vier met ‘n spesiale nagmaal by al die dienste.
- Klassieke Klanke Konsert: Sondag 13 Oktober sluit ons die naweek-fees af met ‘n groot Klassieke Klanke Konsert. Dit beloof om baie spesiaal te wees met die meeste kore en instrumentaliste nog. As jy nog nooit een bygewoon het nie, is hierdie een die moeite werd.

Dié naweek beloof iets vir almal, ons wil mos as ‘n familie saam jubel en feesvier. Sit hierdie naweek sommer nou al in jou dagboek, sodat jy nie ons feesvieringe misloop nie.

Navrae: Corneille Barnard by events@nghelder.co.za

Helderberg Mark

Helderberg Mark is daar vir die gebruik van enige persoon wat items of dienste verkoop of benodig. Persone of instansies wat geleenthede/ byeenkomste wil bemark, kan dit ook hier bekendstel. Hierdie diens is gratis op die webblad.

Hoe werk dit?
Gaan na Helderberg se webblad www.nghelder.co.za en dan kies jy “Adverteerders” (regs bo op die hoofblad). Enige persoon wat 'n advertensie wil plaas moet eers **registreer** (aan regterkant van die blad). Indien jy dan 'n volgende keer weer van die diens gebruik wil maak, kan jy dan slegs **inteken**.

Phuket-kinderprojek

Asia Center Foundation fokus op die armstes van die armes en die weerlose kinders van die Thailandse eiland, Phuket. Hulle volg 'n holistiese benadering wat skoolonderrig, voeding, sport, Evangelisering, maatskaplike dienste, beveiliging van die kinders, jeugaksie met tieners en 'n beursfonds vir hoërskoolleerders insluit.

Die personeel en kinders kom uit nie-Christelike geloofsgroepe en -filosofieë, maar deur dissipelmaking en evangelisering, asook jare se toewyding van Direkteur Roelien Muller, het heelwat personeellede en kinders vir Jesus ontmoet en aanvaar. Hulle het pas in hulle splinternuwe skoolgebou getrek en is opgewonde oor die nuwe fase van die projek.

Roelien Muller is die Suid-Afrikaner wat die bediening in Phuket 19 jaar gelede begin het. Die projekspan het besluit om Roelien as mens; fisies, geestelik en emosioneel te ondersteun om hierdie kosbare werk voor te sit. Die span sal haar ook bystaan met onderwyskundigheid, praktiese hulp, advies, leiding en enige ander hulp en kundigheid wat sy benodig om die nie-winsgewende organisasie, asook die skool te bestuur.

Projekleier: Elsa Rinquest by elsa.rinquest@gmail.com of 082 308 4643

Wil jy betrokke raak as vrywilliger?

Ons benodig:

- Beraders: Het jy ondervinding as ‘n berader en ‘n behoefte om deel te raak van ons span?
- Omgee-mense wat kan help om persone op ons gebedslys te kontak en besoek.
- Professionele persone wat *pro-bono* kan help met van ons verwysings, ons benodig spesifiek psigiaters, dokters en sielkundiges.

HELDERBERG BERADINGSENTRUM

Kontak vir Meagin van der Westhuizen as jy meer wil weet of op enige van die bogenoemde maniere wil betrokke raak by 021-851 5582 of berading@nghelder.co.za

Hulp nodig

Die Harmonie projek bied buiten die kursusse ook praktiese ondersteuning aan enkelouers in die Divorce Care, Single&Parenting en GriefShare groepe. As deel van Helderberg Uitreik is ons afhanklik van skenkings en donasies om dit moontlik te maak. Tans bied ons finansiële ondersteuning vir skoolfonds en kospakkies vir ‘n paar enkelouers.

HARMONY Relationships Restored & Reconnected

DIVORCE Care | DC4K DivorceCare for Kids | SINGLE& PARENTING | GRIEFSHARE

Indien jy dalk kan help met ‘n finansiële bydrae of skenking van nie-bederfbare produkte soos pasta, blikkieskos, kosblik *goodies* sal ons dit waardeer. Ons is ook op soek na ‘n klein staan vrieskas om goedere in te vries – skenking of leen.

Skenkings kan by die kerkkantoor afgegee word - merk asb duidelik vir aandag: **Harmonie Projek.**

Kontak ons gerus vir meer inligting by harmonyhelderberg@gmail.com of Annette Botha by 021-851 5582.

Kom bid saam met ons elke Dinsdag-oggend van 06:00 - 06:45 in die Tent. Ons bid vir die gemeente, ons land, kerkraad en ander sake. Jy is baie welkom om deel van die groep te wees en in afhanklikheid van die Here te leef.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds

Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*